DECEMBER 2021

# BERGRIVIER BULLETIN

*Quaterly External Municipal Newsletter*




*Bergrivier Municipality hosted its inauguration event for its new council on 11 November 2021. Here (from left) is newly elected Deputy Executive Mayor, Ald. Mario Wessels, Adv. Hanlie Linde (Municipal Manager) and re-elected Executive Mayor, Ald. Ray van Rooy.*

## NEW COUNCIL ELECTED

*By Matthew Sheldon*

Bergrivier Municipality hosted its high-profile inauguration event on Thursday, 11 November 2021 in Piketberg, in order to officially elect and announce its new council positions for the term 2021-2026.

The event, which was attended by representatives from various political parties, local businesses and non-governmental organisations, was live-streamed via the municipality's official YouTube link for all interested people to join the event virtually.

The Executive Mayor, Alderman Ray van Rooy, used the opportunity during his mayoral speech to thank the voters for their support to him and his political party. He emphasised that the elections has now concluded and that all councillors will work in harmony as a unit, to serve all communities of Bergrivier Municipality. Van Rooy shared the platform with two young people from the community thereby indicating how special and crucial the youth in Bergrivier is for our dignified future.

Van Rooy stressed the vision of Bergrivier Municipality to create a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner. "We should be proud to be the torch bearers of our communities," concluded Van Rooy.

IN THIS ISSUE:


**PREMIER OPENS ACTIVE BOX** pg. 2

**OPLEIDINGSESSIES VIR DIENSVERSKAFFERS** pg. 3

**OPERASIE: VERSTAAN ONS KLIËNTE BETER** pg. 3

**MUNISIPALITEIT IN BRANDSEISOEN** pg. 4

**VERKEER GEREED VIR FEESSEISOEN** pg. 5

**MAYOR'S CHRISTMAS MESSAGE** pg. 6

**DIGITAL WATER METER DEVICES INSTALLED** pg. 7



# Premier opens active box

*By Matthew Sheldon*

A delegation from the Western Cape Government, which included the Premier (Alan Winde) and the Minister for Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, Anton Bredell, visited Piketberg on 19 October 2021, to officially open the Active Box.

The delegates, along with representatives from Bergrivier Municipality, engaged in a symbolic gesture to signal the strength in working together for the community. Thereafter, the Premier cut the red ribbon to officially open the facility. The delegates were also taken on a tour through the facility and its high-tech control room.

This project, which forms part of the Regional Socio-Economic Programme (RSEP), is a three level multi-purpose building. The main function of the Active Box will be to host role players involved in community safety.

The building, which is situated at the T-junction of Sarel Cilliers Street and Calendula Street in Piketberg, is fitted with a high-tech control room. There are operators employed to manage the fourteen (14) surveillance cameras and two Pan Tilt Zoom (PTZ) cameras.



There are eight (8) surveillance cameras in Piketberg, two (2) in Porterville and four (4) in the greater Velddrif area. There is currently one (1) PTZ camera in Piketberg and one (1) in Velddrif, which provide operators with a 360 degree view of its environment. The surveillance cameras have been installed in residential areas and in the central business districts of these towns to track civilian movement. License plate recognition cameras have also been installed in various locations across the town to track the movement of vehicles.

This facility will provide much-needed safety support along one of the busiest pedestrian thoroughfare routes in the town, which many people use to get to work and back home.


"The purpose of the Active Box is to create safer communities and to contribute to the quality of life of residents," said Winde.



# Voorsieningskanaalbestuur bied opleidingsdag aan vir diensverskaffers

*Deur Matthew Sheldon*

Bergrivier Munisipaliteit se Departement Voorsieningskanaalbestuur (VKB) het gedurende November 2021 opleidingsessies gehou vir diensverskaffers in Piketberg, Velddrif en Porterville om kleiner ondernemings te bemagtig om besigheid met die munisipaliteit te kan doen.



Sowat 30 mense het die opleidingsessies bygewoon. Verteenwoordigers van die Konstruksiebedryf Ontwikkelingsraad, Provinsiale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het ook die geleentheid bygewoon om die Munisipaliteit by te staan met enige navrae.

Volgens Israel Saunders, Hoof: VKB by Bergrivier Munisipaliteit, het daar 'n behoefte ontstaan waar entrepreneurs opleiding benodig vir die volgende: Die registrasieproses om op die sentrale verskaffersdatabasis te registreer; Tender dokumente reg en volledig te voltooi en om die proses te verstaan; en talle belasting kwessies uit te klaar. "Ons moet hande vat veral met klein plaaslike besighede sodat hulle kan floreer," het Saunders gesê.

Nelmarie Bothma, Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur, sê die hoofdoel van die opleidingsessies is om plaaslike besighede te help om nie net besigheid te doen met die munisipaliteit nie, maar ook om 'n beter begrip te hê van die volledige proses en werklik suksesvol te kan wees.

"Ons wil graag hê dat meer plaaslike besighede registreer op die Sentrale Verskafferdatabasis (SVD) wat bedryf word deur Nasionale Tesourie. Dit is uiters belangrik, aangesien dit die eerste stap is om besigheid te doen met die munisipaliteit," het Bothma afgesluit.

Daar is 'n versoek dat alle plaaslike diensverskaffers die Munisipaliteit se opleidingsessies bywoon.

# "OPERASIE: VERSTAAN ONS KLIËNTE BETER"

Ten einde selfs meer doeltreffende dienste aan al ons kliënte binne die Bergrivier Munisipale gebied te lewer, is die Munisipaliteit tans besig met 'n proses om die finansiële stelsel op te dateer.

Om dié inligting op te dateer moet die Munisipaliteit 'n opname doen om ons kliënte en hul behoeftes beter te kan verstaan.

Ducharme Consulting is aangestel om Bergrivier Munisipaliteit by te staan om alle kliënte tussen 29 November 2021 tot April 2022 te besoek om dié nodige dienspunte en persoonlike inligting te verifieër. Dit gaan ook die Munisipaliteit se vermoë verbeter om sy diensteheffings beter te kommunikeer. ***Alle persoonlike inligting wat ingesamel word, sal met die grootste sensitiwiteit en vertroulikheid hanteer word, en sal streng in ooreenstemming met die POPI Wet, 2013 (Wet 4 van 2013) gedoen word.***

Deur-tot-deur besoeke sal in alle dorpe binne die Bergrivier Munisipale gebied gedoen word deur vier veldwerkers, naamlik Mnre. Petrus Cupido, Ricardo Pieterse, Michael Jafta en Jason Koordom. Inwoners sal hulle aan amptelike naamplaatjies kan uitken. Mnre Cupido en Pieterse sal verantwoordelik wees vir die Velddrif area, terwyl Mnre. Jafta en Koordom die Piketberg area sal dek.

Inwoners wat die identiteit van die veldwerkers wil verifieër kan vir Mnre. Christopher Turner of Martin Crous van Bergrivier Munisipaliteit kontak by 022 913 6000, alternatiewelik kan Ryno Engelbrecht van Ducharme Consulting by 081 313 3198 of Rene Theart by 079 915 6466 gekontak word. U samewerking sal ons help om meer doeltreffende dienste aan u te kan lewer.

Ons waardeer u samewerking.

# Bergrivier is gereed vir die brandseisoen




*Deur Amerandi Valentyn*

"Ons het die jaarlikse brandseisoen betree wat normaalweg tussen November en Februarie plaasvind. Ons span is gereed om te reageer op enige brandinsidente in ons gebied".

Só sê Harry Benson, waarnemende hoof van Rampbestuur en Brandweerdienste, nadat hy verduidelik het dat 70 bos en gras brande in die 2020-2021 finansiële jaar binne die Bergrivier Munisipale Gebied aangemeld is. Dit is 'n 50% toename in hierdie tipe brande teenoor die vorige finansiële jaar (2019-2020).

"Oor die afgelope paar jaar is daar 'n geweldige toename in bos en gras brande wat toegeskryf kan word aan kinders wie velde en oop ruimtes aan die brand steek. Dit is baie belangrik dat ouers aan hul kinders verduidelik wat die ernstige implikasies is van brandstigting soos skade aan infrastruktuur, verlies aan plantegroei en self lewensverlies," het Benson gesê.

Benson sê dat 'n paar strukture (huise) ook deurgeloop het onder die verwoesting van brande. In die 2019/2020 finansiële jaar is 23 struktuurbrande aangemeld, terwyl daar in die 2020/2021 finansiële jaar 25 struktuurbrande aangemeld is.

## BRANDWEER NOODNOMMERS:

Harry Benson (Waarnemende hoof):

**083 661 9253**

Piketberg, Redelinghuys, Goedverwacht en Wittewater:

**079 349 8619**

Porterville en Eendekuil:

**076 695 7454**

Velddrif, Aurora en Dwarskersbos:

**076 694 8683**

### WENKE TOT VOORKOMING

- Verwyder enige dooie bome of gras wat naby jou huis groei;
- Maak ten alle tye seker dat die braai area rommel vry is;
- Stoor vuurhoutjies en vuuraanstekers op 'n plek waar kinders dit nie in die hande kan kry nie;
- Tref alle voorsorgmaatreëls om te verhoed dat houtstrukture brand;
- Wanneer kerse en lampe gebruik word, laat staan dit op 'n gelyke oppervlak sodat dit nie kan omval nie;
- Moenie muurproppe oorlaai nie, dit is baie gevaarlik;
- Maak seker dat jou elektriese bedrading in 'n goeie toestand is;
- Maak seker dat jou huis se nommer sigbaar is; Maak geute gereeld skoon;
- Waar moontlik installeer rook alarms;
- Baie belangrik: hou die brandweer se noodnommer byderhand.

Kom ons staan saam en help mekaar deur die somermaande.

### PREVENTION TIPS

- Remove any dead trees or grass growing near your home;
- At all times make sure that the braai area is litter free;
- Store matches and lighters in a place where children cannot reach them;
- All precautionary measures must be taken to ensure that wooden structures doesn't burn;
- When candles and lamps are lit, let it stand on an even surface so that they do not fall over;
- Do not overload wall plugs, it's very dangerous;
- Make sure that your electrical wiring is in a good condition;
- Make sure your house number is visible;
- Clean your gutters regularly;
- Where possible, install smoke alarms;
- Very important: keep the Fire Department's emergency number at hand.

Let's stand together and help each other through the summer months.

# Wetstoepassing en Verkeersdienste slaggereed vir die feesseisoen

*Deur Amerandi Valentyn*

Die feesseisoen is vir Bergrivier Munisipaliteit 'n kritieke tydperk wat Wetstoepassing en Verkeersdienste betref.

Volgens Cavin Cornelissen, Hoof: Verkeersdienste by Bergrivier Munisipaliteit, is wetstoepassing een van die hoogste prioriteite om almal se veiligheid te verseker gedurende die feesseisoen.

"Bergrivier Munisipaliteit ervaar 'n enorme toestroming van toeriste na ons pragtige gebied wat die kusdorpe van Velddrif, Laaiplek en Dwarskersbos insluit. Hierdie toename in voertuig-en voetganger beweging binne die Bergrivier Munisipale Gebied hou 'n groot risiko vir openbare veiligheid in," het Cornelissen gesê.

Die feestyd bring ook verhoogde potensiële risiko's van verdrinkings, sowel as rampe soos die huidige Covid-19 pandemie (vierde vlaag).

Die hoof fokusareas van die Verkeersdienste sal wees:

- Sigbare polisiëring met die fokus op die Sentrale Sakekern in elke dorp en woonbuurte;
- Spoedwetstoepassing;
- Hoë vlak van sigbare patrollies op alle hoof roetes;
- Om aandag te gee aan alle padverwante voorvalle en ongelukke;
- K78 padblokkades by geïdentifiseerde areas;
- Om bestuur onder die invloed van drank en verdowingsmiddels te stop;
- Voertuigbeheerpunte by geïdentifiseerde plekke;
- Pro-aktiewe patrollies in areas met hoë ongeluk- en verkeersoortredingstatistiek; en
- Handhawing van openbare vervoer wetgewing.

Die hoof fokusareas van die Wetstoepassingsdienste sal wees:

- Polisiëring van die Sentrale Sakekerns en oop ruimtes van alle dorpe (om alkohol misbruik in die openbaar te verhoed);
- Handhawing van Bergrivier Munisipaliteit se verordeninge met besondere klem op die verordening met betrekking tot strate, openbare ruimtes en oorlaste;
- Hoë voet-en voertuigsigbaarheid op strande en in oorde;
- Gemeenskap en Landelike veiligheid;
- Aanspreek van die moontlike 4de Covid-19 vlaag;
- Reageer op stortings oortredings;
- Geraasoortredings;
- Opsetlike beskadiging van Raadseiendom; en
- Dwelm verwante operasies in samewerking met die SAPD.



Bergrivier Verkeers- en Wetstoepassing is gerat om samewerking tussen al ons veiligheidsvennote moontlik te maak. Geintegreerde operasies met die SAPD, Provinsiale Verkeersowerhede, Buurt- en Plaaswagte en ander Staatsdepartemente is aan die orde van die dag.

Ons boodskap aan padgebruikers gedurende hierdie feesseisoen:
·Maak seker jou voertuig is in 'n padwaardige toestand wanneer jy reis;
·Rus elke 2 uur of 200 km as jy lang afstande reis. Verander bestuurders indien moontlik;
·Onthou die laaste deel van jou reis is in die meeste gevalle, die belangrikste. Verhoogde konsentrasie vlakke in hierdie deel van u reis broodnodig, want 'n gebrek aan konsentrasie kan jou of 'n ander persoon se lewe kos;
·Moet asseblief nie drink en bestuur nie. Om te bestuur terwyl jy onder die invloed is, is 'n dodelike kombinasie.

Geniet asseblief jou feestyd en wees versigtig ongeag of jy buite of binne ons Munisipale gebied reis. U samewerking kan 'n positiewe bydrae lewer tot 'n insidentvrye feestyd vir Bergrivier Munisipaliteit.
·Ons bied ook op 20 en 21 Desember 2021 vanaf 14h30 tot 16h00 by die Piketberg- en Velddrif kantoor, gratis padveiligheidstoetse vir Bergrivier-inwoners aan . Tydens hierdie toetse sal daar slegs op die veiligheidsaspekte van voertuie gefokus word. Geen padwaardige sertifisering sal tydens hierdie toetse uitgereik word nie.



# A HAPPY FESTIVE SEASON

After another successful year, we are now at the end of 2021. We can be proud of the accolades we've achieved this year, but we've also identified obstacles that we want to tackle in 2022.

It is a time for celebration and family gatherings. May this wonderful holiday period inspire you and fill your life with joy and happiness.

I want to urge motorists to be extra careful whilst driving, as we tend to experience an increase in deaths on our roads during the festive season. Let's make this Christmas and festive season special by reducing road fatalities and focussing on what matters most.

Let's all follow the traffic rules to get to our destination safely:

- Do not drink and drive;
- Follow the rules of the road and keep your driving license at hand;
- Avoid distractions on the road and be courteous to fellow road users.



**EXECUTIVE MAYOR**
**ALDERMAN RAY VAN ROOY**

**Merry Christmas and a Happy New Year to all!**

# Bergrivier Munisipaliteit sê totsiens aan wyle Aunty Trudie le Fleur

Bergrivier Munisipaliteit is hartseer oor die nuus van die heengaan van Trudie le Fleur, beter bekend as "Aunty Trudie". Sy was ook 'n bekende inwoner van Piketberg.
Wyle Trudie is op Vrydag, 26 November 2021 in Eersterivier oorlede. Sy was 'n gewaardeerde lid van ons Bergrivier Munisipale familie. Sy was sedert 1982 'n skoonmaker by die destydse Piketberg Munisipaliteit (voordat die munisipaliteite in Suid-Afrika saamgesmelt het) en het haar werk met trots uitgevoer. Trudie was 'n werknemer van Bergrivier Munisipaliteit vir 39 jaar, 9 maande en 12 dae en het daagliks uitgesien om haar "40 jaar vol te maak".

Auntie Trudy was 'n lojale, pligsgetroue, toegewyde werknemer van Bergrivier Munisipaliteit. Volgens haar mede kollega Elmarie Engelbrecht, het sy haar werk met soveel passie uitgevoer en was baie presies, haar diensjare was bewyse hiervan. "Sy was 'n rolmodel vir baie van ons, nie net binne Bergrivier Munisipaliteit nie, maar sowel as buite in die gemeenskap. Trudie was baie uniek en 'n vrou met waardes. Sy was een van die nederigste mense wat ek geken het en het altyd ander se belange op die hart gedra", voeg Elmarie by.

Volgens Pricilla Booysen was sy altyd iemand wie wou help en het 'n hart gehad wat vir almal omgee. Sy het altyd die belange van haar mede-werkers op die hart gedra en altyd haar ontferm oor hulle almal. "Ek gaan haar baie mis, ek mis al klaar vir haar. By die werk was ons soos 'n familie gewees. Ek sal haar altyd onthou, die rol wat sy in elkeen van ons se lewens gespeel het. Ek kan nog so baie dinge sê van haar, maar ek sal al daardie mooi herinneringe koester en saamdra wat sy vir my geleer het," het Booysen gesê.




Ons gedagtes is met haar kinders, breë familie en almal wat 'n band van liefde met haar gedeel het. Ons harte is seer saam met julle. Mag God julle vertroos en versterk gedurende hierdie tyd van rou. Weet dat ons almal aan julle dink in hierdie hartseer tyd. Mag julle krag en vrede vind. Innige meegevoel.




# DIGITAL WATER METER DEVICES INSTALLED

Bergrivier Municipality has already installed 350 digital water meter devices in the Velddrif and Laaiplek area, where water meters are not easily accessible for officials to conduct a reading.

Martin Crous, Manager: Income at Bergrivier Municipality, explained that the purpose of the transition from traditional to digital water meters is to ensure that accurate meter readings are captured and issued to clients.

"The digital water meters devices have a longer lifespan than that of traditional ones and is also more accurate. Furthermore, the Municipality can take the readings of all households fitted with digital water meters simultaneously, since it is done electronically (remotely). These readings are taken on the same day every month to streamline the capturing process," said Crous.

Clients can also log onto the system to monitor their daily/monthly consumption, and leakages can be pickup up quicker.

The cost of a digital water meter device is approximately R2,886.00 per unit compared to R1,465.00 for the traditional water meter. The lifespan of the traditional meter is roughly 8 – 10 years and the life span of the digital meter is more than 15 years.

Crous mentioned that a further 300 meters will soon be installed at households in the Velddrif area. "The Municipality is currently focussing on the Velddrif area, as we find it immensely challenging to access water meter devices in this area," explained Crous.

The Municipality submitted an application for further external funding (approximately R9 million) to the Department of Water and Sanitation. "If we can buy more of these devices it will enable the Municipality to accommodate other towns and problem areas," concluded Crous.

The Municipality's long-term goal is to install these meters at all properties, however, due to the total costs amounting to R29 million, it will have to be completed in phases.

The installation of digital water meters will ensure that the Municipality captures accurate meter readings on a specific date every month. It will also improve the accessibility for clients to be able to monitor their water usage.

# SESDE SKOON OUDIT IN 'N RY VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

*deur Matthew Sheldon*

"Ons is baie trots op ons toegewyde Raadslede en ongelooflike kundige personeel wat regtig uit hul pad gaan om Bergrivier Munispaliteit een van die beste plaaslike regerings in Suid-Afrika te maak. Hierdie toekenning is vir julle. Baie dankie vir almal se harde werk en deursettingsvermoë gedurende moeilike ekonomiese tye om weereens nog 'n skoon oudit te kan verwerf. Bergrivier Munisipaliteit is waarde-gedrewe en ons glo daaraan om die regte goed reg te doen. Dankie aan al ons inwoners wat 'n bydrae gelewer het in die werk wat ons doen vir ons gemeenskappe en dat u ons altyd op ons tone hou. Ons dien met trots!".


Só het die Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, Raadsheer Ray van Rooy, gesê nadat Bergrivier Munisipaliteit onlangs die goeie nuus vanaf die ouditeur-generaal ontvang het.

Van Rooy beklemtoon verder dat alhoewel dit uiters belangrik is om 'n skoon oudit te verwerf, die fokus altyd op uitstekende dienslewering is en sal bly in die toekoms. Bergrivier Munisipaliteit se visie is: "'n Vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier."

Bergrivier Munisipaliteit het vir die sesde agtereenvolgende jaar 'n skoon oudit vir die 2020/2021 finansiële jaar ontvang. Die finale ouditverslag deur die onafhanklike Ouditeur-Generaal is op 30 November 2021 ontvang.
Alle munisipaliteite word jaarliks geoudit tussen Julie en November.

'n Span ouditeure het die afgelope vier maande 'n intensiewe evaluering van Bergrivier Munisipaliteit se prestasiebestuurstelsels, finansiële state, interne beheermaatreëls, regering en leierskap gedoen. Dié munisipaliteit het dus sy skoon oudit status behou en weliswaar met geen bevindinge.

Die ouditverslag vorm deel van die Jaarverslag en sal ingevolge Artikel 127(2) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) tydens die Raadsvergadering op Dinsdag, 25 Januarie 2022 bespreek word.




Hier is 'n grafiek uit die Ouditverslag van die afgelope drie (uit ses) finansiële jare wat Bergrivier Munisipaliteit 'n skoon oudit ontvang het met geen bevindinge.

# 16 DAYS OF ACTIVISM FOR NO VIOLENCE AGAINST WOMEN AND CHILDREN

All thirteen (13) councillors, the Municipal Manager and all other senior officials at Bergrivier Municipality, recently signed a national pledge to show their support to ending gender-based violence and femicide in South Africa and in Bergrivier Municipality.

This council activity forms part of a national pledge which coincides with the 16 Days of Activism for No Violence against Women and Children Campaign which annually takes place between 25 November and 10 December.

Each signatory wrote a personalised message on the national pledge sheet and then signed next to it. The handprint marks symbolises the key messages such as "Stop" and "Enough is Enough", fully comitting to addressing this issue with urgency.

According to Alderman Rhandall Swarts, Speaker at Bergrivier Municipality, the importance of this campaign cannot be overstated. "We need to address gender-based violence at a community level. People cannot remain silent anymore. It is a scourge that affects all communities and all people either directly or indirectly," said Swarts.

If you require support, feel free to contact the following helplines:

Stop Gender Violence Helpline: **0800 150 150**
Childline: **0800 55 555**
Lifeline: **0861 322 322**
Safeline: **0800 03 553**



# LAAIPLEK SEWER AND PUMP STATION RECEIVES R7.91 MILLION UPGRADES

*By Matthew Sheldon*

Bergrivier Municipality has received R7,91 million from the Municipal Infrastructure Grant (MIG), to upgrade the St Christopher Sewer Pump Station in Laaiplek.

The objectives of this project is to:

- Reduce the risk of sewer spills by upgrading components that were old and deteriorated;
- Ensure sufficient capacity for future developments;
- Ensure optimum efficiency and operation; and
- Create local job opportunities and to provide training in labour-based construction techniques during operations to assist local and emerging contractors.

The following upgrades were made during the execution of the project:

- Construction of a new pump sump to replace the corroded one and to provide additional capacity;
- Installation of a new screen basket manhole with a screen basket attached to a gantry for general removal of rags and solids that generally could damage the pumps;
- Upgrade the rising main to the Sewer Treatment Works with a new 160mm uPVC pipeline measuring about 2km in length; and
- Installation of pipework to accommodate an additional standby pump in order to reduce the working load on a single pump and to have a backup should one pump fail or require maintenance.

The project has successfully been completed on 26 November 2021.







# RAPPORTEER GEVALLE VAN BEDROG EN KORRUPSIE

Vermeende gevalle van bedrog en korrupsie wat met Bergrivier Munisipaliteit verband hou, kan gerapporteer word via 'n Teenbedrog en -Korrupsienoodlyndiens.

Alle openbaarmakings kan gemaak word met behulp van die onderstaande kontakbesonderhede: Tolvrye telefoonnommer: 0860 004 009; E-posadres: westcoast@behonest.co.za

Lede van die publiek word ook aangemoedig om enige bedrog-en/ of korrupsiebewerings aan die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer Ray van Rooy, by 083 657 9615, te rapporteer. U kan ook enige bedrog– en/ of korrupsiebewerings rapporteer aan die Munisipale Bestuurder, Adv. Hanlie Linde by 022 913 6011 of aan die Interne Ouditeur by 022 913 6002.

**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

**SLUITING VAN MUNISIPALE KANTORE GEDURENDE FEESSEISOEN: 2021/22**

KENNISGEWING geskied hiermee ingevolge Artikel 21 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000) dat die volgende reëlings sal geld ten opsigte van die feesseisoen:

1. Dat die munisipale kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf 28 tot 31 Desember 2021. Alle nie-essensiële amptenare sal met verlof wees op bogenoemde datums;

2. Dat die Biblioteke binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit sluit vanaf 28 tot 31 Desember 2021;

3. Dat die Natis gedeelte van die verkeerskantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit sluit vanaf 28 tot 31 Desember 2021;

4. Dat die kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit op 24 Desember 2021 **oop sal wees tot 13:00**;

5. Dat die onderstaande munisipale dienste **nie sluit nie** en soos volg gelewer sal word vanaf 28 tot 31 Desember 2021 vanaf **07:30 tot 12:00 (waar van toepassing)**;

   5.1 Alle kassiere sal oop wees en eers om 12:00 afsluit **uitgesluit** alle Strandoorde wat voldag werk; en

   5.2 Dat vooruitbetaalde elektrisiteitsbystanddiens ("pre-paid" bystanddiens) en essensiële dienste voltyds gelewer word.

6. Dat bystanddienste gelewer word vir: rampbestuur, water, riool en vooruitbetaalde elektrisiteit ("pre-paid"); en

7. Dat vullisverwydering en Verkeersdienste soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volledige diens in alle Strandoorde gelewer word.

**Die noodnommers van Bergrivier Munisipaliteit is soos volg:**

| DORP | WATER & RIOOL | ELEKTRISITEIT | BRANDWEER & RAMPBESTUUR | VERKEER | AMBULANS | WETSTOEPASSING |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Piketberg | 083 272 3850 | 083 655 4846 | 079 349 8619 | 083 272 4126 | 10177 / 022 433 8700 | 083 226 1067/ 083 661 9253 |
| Porterville | 083 272 3853 | 083 272 3294 | 076 695 7454 | 072 657 1801 | 10177 / 022 433 8700 | 083 922 5213 |
| Velddrif (Ingesluit Dwarskersbos en Laaiplek) | 083 272 4136 (Water) 083 272 4135 (Riool) | 083 272 4117 | 076 694 8683 | 083 272 4129 | 10177 / 022 433 8700 | 083 272 4128 |
| Redelinghuys | 083 272 4130 | 083 655 4846 | 079 349 8619 | 083 272 4126 | 10177 / 022 433 8700 | 083 226 1067/ 083 661 9253 |
| Aurora | 083 272 4131 | 083 272 4117 | 076 694 8683 | 083 272 4129 | 10177 / 022 433 8700 | 083 272 4128 |
| Eendekuil | 083 272 4137 | 083 272 3294 | 076 695 7454 | 072 657 1801 | 10177 / 022 433 8700 | 083 922 5213 |
| Goedverwacht & Wittewater | ―――――― | ―――――― | 079 349 8619 | 083 272 4126 | 10177 / 022 433 8700 | 083 226 1067/ 083 661 9253 |

Seënwense vir 'n aangename Feesgety en 'n voorspoedige Nuwejaar saam met u dierbares.

**MUNISIPALE KANTORE**
**KERKSTRAAT 13**
**POSBUS 60**
**PIKETBERG**
**7320**

**ADV. HANLIE LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**MK289/2021**

**09 DESEMBER 2021**

## BERGRIVIER MUNICIPALITY

## CLOSING OF MUNICIPAL OFFICES DURING THE FESTIVE SEASON: 2021/22

NOTICE is hereby given that in terms of Section 21 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) that the following rules will apply in terms of the festive season:

1. That the municipal offices within the boundaries of Bergrivier Municipality will be closed from 28 to 31 December 2021, with all non-essential staff taking annual leave;

2. That the Libraries within the boundaries of Bergrivier Municipality will be closed from 28 to 31 December 2021;

3. That the Natis section of the traffic offices within the boundaries of Bergrivier Municipality will be closed from 28 to 31 December 2021;

4. That the offices within the boundaries of Bergrivier Municipality **will be open** on 24 December 2021 until 13:00;

5. That the municipal services below **will remain open** and will be available from 28 to 31 December 2021 from **07:30 to 12:00 (where applicable)**:

   5.1 All cashiers will be open and will close at 12:00 **excluding** all Beach Resorts which will operate as per normal (full work day); and

   5.2 That prepaid electricity standby service and essential services will be operating full-time.

6. That standby services will be delivered for the following: disaster management, water, sewerage and pre-paid electricity; and

7. That refuse removal and Traffic & Law Enforcement services will be delivered as per normal and that all beach resorts will be fully operational.

**<u>The emergency numbers of Bergrivier Municipality are as follows:</u>**

| TOWN | WATER & SEWERAGE | ELECTRICITY | FIRE & DISASTER MANAGEMENT | TRAFFIC | AMBULANCE | LAW ENFORCE-MENT |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Piketberg | 083 272 3850 | 083 655 4846 | 079 349 8619 | 083 272 4126 | 10177 / 022 433 8700 | 083 226 1067/ 083 661 9253 |
| Porterville | 083 272 3853 | 083 272 3294 | 076 695 7454 | 072 657 1801 | 10177 / 022 433 8700 | 083 922 5213 |
| Velddrif (Ingesluit Dwarskersbos en Laaiplek) | 083 272 4136 (Water) 083 272 4135 (Riool) | 083 272 4117 | 076 694 8683 | 083 272 4129 | 10177 / 022 433 8700 | 083 272 4128 |
| Redelinghuys | 083 272 4130 | 083 655 4846 | 079 349 8619 | 083 272 4126 | 10177 / 022 433 8700 | 083 226 1067/ 083 661 9253 |
| Aurora | 083 272 4131 | 083 272 4117 | 076 694 8683 | 083 272 4129 | 10177 / 022 433 8700 | 083 272 4128 |
| Eendekuil | 083 272 4137 | 083 272 3294 | 076 695 7454 | 072 657 1801 | 10177 / 022 433 8700 | 083 922 5213 |
| Goedverwacht & Wittewater | ------ | ------ | 079 349 8619 | 083 272 4126 | 10177 / 022 433 8700 | 083 226 1067/ 083 661 9253 |

Have a blessed festive season and a prosperous new year with your loved ones.

**MUNICIPAL OFFICES**
**13 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 60**
**PIKETBERG**
**7320**

**ADV. HANLIE LINDE**
**MUNICIPAL MANAGER**

**MN289/2021**

**09 DECEMBER 2021**